

SPIEËL STUDIE BYBEL

ROMANSE VAN DIE EEUE

mirrorWORD

Jakobus

Vertaling deur Dr Anine Jordaan

Onderskrywing deur Desmond Tutu

Konstante

werksproses Uit die

oorspronklike teks vertaal

en geparafraseer in kontemporêre spraak

deur Francois du Toit

JAKOBUS — DIE BROER VAN JESUS

Identiteit verlore en gevind

Jakobus, die jonger broer van Jesus, betrek briljant die onderwerp van die mensdom se vergete identiteit wat in die vleesgeworde Woord geopenbaar en verlos is.

Vanaf die eerste tot by die laaste vers van hoofstuk een, plaas Jakobus sy lering teenoor die gevoel van 'n verlore identiteit: die twaalf verstrooide stamme, en die weduwees en die weeskinders.

Om 'n mens se erfenisland of onmiddellike familie te verloor, sal die grootste en mees uitdagende toets of versoeking wees wat enigiemand in die gesig mag staar: om te vergeet watter soort mens jy is. *[Jakobus 1:24, Deuteronomium 32:18.]*

Daar was 'n tyd toe nie hy of enigeen van sy familie in Jesus geglo het nie. *[Johannes 7:5]* Dit was eers na die opstanding toe Jesus aan hom verskyn het dat die waarheid tot hom deurgedring het; nou het hy verstaan dat sy broer Jesus inderdaad die een was wat al die gerugte en profetiese aanwysings deur die tyd heen gesê het hy was. Jesus is God wat in die vlees onthul is, die vleesgeworde Woord wat die verlore identiteit van die mensdom in sy dood en opstanding verlos het. Jakobus se oë is geopen vir die feit dat nie Jesus of hy in Maria se skoot begin het nie. *[1 Korintiërs 15:7; Jakobus 1:17,18.]*

Die mens het in God begin. Ons is nie net die begeerte van 'n ouer nie, ons is die begeerte van God. Die mensdom deel 'n gemeenskaplike oorsprong, die ***boulomai***, die liefdevolle begeerte en doelbewuste voorneme van God, die Vader van ligte, by wie daar geen verdraaiing of verborge agenda is nie. Die onthulling van ons verlossing openbaar ook ons ware ontstaan; ons is God se persoonlike uitvinding. Ons is ***anouthen***, van bo. Ons is perfek en volledig en kom niks kort nie. God se Sabbat is die viering van ons volmaaktheid, beide deur ontwerp en verlossing. Elke goeie en volmaakte gawe kom van bo, ***[anouthen]*** van die Vader van die ligte by wie daar geen veranderlikheid en geen skaduwee as gevolg van wisselvalligheid is nie, hy het ons voortgebring deur die Woord van waarheid.

Van bo af gebore

Johannes sien dieselfde ontstaan. Hy begin eers skryf wanneer hy al meer as 90 jaar oud is. Anders as Lukas en Matteus, slaan hy die geslagsregisters van Josef oor, hy verklaar: In die begin was die Woord, wat God was, die Woord was, en die Woord het vlees geword. Hy sien dat die bestemming van die Woord nie die boek was nie, maar die menslike lewe. God vind 'n akkurate uitdrukking van homself, sy beeld en gelykenis wat in menslike vorm geopenbaar word. Genesis 1:26 leef weer; die mensdom staan verhef in die gestalte van die onsigbare God. As julle my gesien het, het julle die Vader gesien. Tensy iemand van bo af gebore word, kan hulle nie die Koninkryk van God sien nie.

Die koninkryk van God *(die heerskappy van God se beeld en gelykenis in die menslike lewe)* word weer op aarde sigbaar gemaak soos in die hemel; tasbaar in menslike vorm. (*Johannes 3:3*).

In Johannes 3 ontdek Nikodemus dat sy onweerstaanbare aantrekkingskrag tot Jesus te wyte was aan die feit dat ons natuurlike geboorte nie ons begin is nie. Ons kom van bo. God het ons geken voordat hy ons in ons moederskoot gevorm het *[Jeremia 1:5].* As mense nie van bo af gekom het nie, sou die hemelse ryk geen aantrekkingskrag vir hulle bied nie. In ons samestelling is ons die God-soort met 'n aptyt vir meer as waarmee brood en die sintuie ons kan bevredig. Ons is ontwerp om te honger na en te smul aan die Logos wat van bo af kom, dus vanuit 'n dimensie waar die oorspronklike bedoeling bewaar en ongeskonde bly sonder besoedeling. Die Logos wat uit sy mond kom, is die onthulde spieëlglans van ons outentieke oorsprong, wat die lewe van ons ontwerp verlewendig en onderhou. Niemand het na die hemel opgevaar wat nie ook uit die hemel neergedaal het nie, selfs nie die seun van die mens nie. *[Johannes 3:13]*

Paulus vier dieselfde tema in ***Galasiërs 1:15*** *God se ewige [1]liefdesdroom het my van my moederskoot af opsy gesit; sy genade het my [2]identiteit geword. [[1]**eudokeō**: sy pragtige bedoeling; die welgedane opinie. My ma se baarmoeder, my natuurlike afkoms en identiteit as 'n seun van Benjamin. [2]**kaleō**, om 'n van te gee, om by die naam te roep.]* ***Galasiërs 1:16*** Dit is die hart van die evangelie wat ek verkondig; dit het begin met 'n onthulling van seunskap [1]in my, wat my bevry het om dieselfde seunskap aan te kondig [2] in die massas nie-Joodse populasies. Ek het geen onmiddellike dringendheid gevoel om aantekeninge te vergelyk met diegene wat vanuit 'n blote historiese oogpunt met Christus vertroud was nie. *[Die Griekse teks is baie duidelik: Dit het die Vader behaag om sy seun in my te openbaar, sodat ek hom in die nasies kan verkondig. [1]**en emoi,** in my, en [2]**en etnos**, in die heidense nasies, of die massas nie-Joodse mense. Nie 'tussen of onder' die heidene soos die meeste vertalings dit het nie. Later, wanneer Barnabas gestuur word om die bekering van die Grieke in Handelinge 11 te ondersoek, in plaas daarvan om sy bevindings aan die hoofkwartier in Jerusalem te rapporteer, spoor hy eers vir Paulus op, wetende dat Paulus se evangelie die openbaring van die verborgenheid van Christus in die nasies is. Kolossense.1:27. Geen wonder dus dat daardie gelowiges die eerstes was wat Christene genoem was, of soos Christus nie.)*

Paulus herinner die Griekse filosowe in Handelinge 17 daaraan dat ons lewe en beweeg en ons bestaan in God het; die mensdom is inderdaad die nageslag van God. Hy haal uit hul eie geskrifte aan. *[Epimenedes 600 v.C. en Aratus, 300 v.C.]* Die onverganklike saad van seunskap is net soveel in elke mens as wat die saad reeds in alle grond is, selfs in die woestyn, wagtend vir die reën om te ontwaak en hul sluimerende lewe te laat ontvlam. Die mensdom het net een Vader. Matteus 13:44 Die skat was reeds in die veld voordat dit ontdek is. 2 Korintiërs 4:4 en 7.

God het die kode van elke individu se innerlike wese geskryf toe hy ons in ons moeder se skoot saamgebind het; die kode is Christus in jou. Kolossense 1:27.

Jesus het gekom om te openbaar dat die seun van die mens die seun van God is. As jy my gesien het, het jy die Vader gesien. Matteus 23:9 Noem niemand op aarde jou vader nie, want jy het een Vader wat in die hemel is. Hy sê vir Petrus: Vlees-en-bloed kan nie aan julle openbaar wie die Seun van die mens is nie, maar my Vader wat in die hemel is; geseënd is jy, Simon seun van Jona, ek gee jou 'n nuwe naam wat jou oorspronklike identiteit openbaar: jy is Mnr Rots, 'n skerf vanaf die ou blok. *[**Petros**, uit die rots gekap, **petra**. Jesaja 51:1, Deuteronomium 32:3, 4, 18.]* Hierdie openbaring is die rotsfondament waarop ek my identiteit sal bou, *[my beeld en gelykenis]* — op hierdie rots sal ek my kerk bou, *[letterlik, my **ekklesia**, van **ek**, wat bron of oorsprong aandui en **klesia** van **kaleō**, om 'n van te gee, om volgens naam te identifiseer]* en die poorte van Hadēs, wat die mensdom in die ommuurde stad van die sintuie vasgevang het, sal nie die oorhand kry oor die stem wat hulle by die naam noem en tot lewe roep nie. *[Die woord Hadēs, is van **ha** + **eidō**, om nie te sien nie.] Matteus 16:13-17.*

Daarom het Paulus nie met vlees en bloed beraadslaag nie. Hy het doelbewus die geleentheid vermy om Jesus uit 'n menslike oogpunt te leer ken deur nie die elf dissipels te besoek wat nog in Jerusalem gelewe en gewoon het nie. Hy kon homself eerstehands ingelig het oor die lewe, bediening, gelykenisse en wonderwerke van Jesus *[2 Korintiërs 5:16.].* Maar Paulus maak nie eens melding in enige van sy geskrifte van 'n enkele gelykenis wat Jesus vertel het of wonderwerk wat hy gedoen het nie, want sy mandaat en openbaring was nie om Christus bloot in die geskiedenis te verhaal nie, maar om Christus in die mensdom te openbaar.

Slegs drie jaar later het hy vir 'n kort rukkie na Jerusalem teruggekeer spesifiek om Petrus en Jakobus, die Here se broer, te besoek. *[Galasiërs 1:18, 19.]* 'n Mens is nie verbaas om te ontdek dat die eerste gelowiges wat ooit Christene genoem is, die Grieke in Antiochië was wat onder Paulus se bediening gesit het nie. *[Handelinge 11.]*

Na sy ontmoeting met die opgestane Jesus, skryf Jakobus in hoofstuk 1:17 dat die Vader van die ligte ons voortgebring het deur die woord van waarheid. Wanneer iemand hierdie woord hoor, sien hy die aangesig van sy geboorte *soos* in 'n spieël – want hy sien homself.

Wat Jakobus, Petrus en Paulus gemeen het, was 'n begrip dat hulle geboorte van vlees en bloed hulle nie definieer nie. Jesus het gekom om ons outentieke geesidentiteit te openbaar en te verlos.

Die mensdom het drie geboortes gemeen:

1/ Die mens het in God begin. Maleagi 2:10. Het ons nie almal een vader nie? Het een God ons nie geskep nie? Sien Johannes 3:13 Niemand vaar

op na die hemel nie, behalwe hy wat ook uit die hemel neergedaal het, die seun van die mens. Sien ook Matteus 22:41-46 en Matteus 23:9.

2/ Die enigste paspoort na planeet aarde is die baarmoeder van 'n vrou. Voordat ek jou in die moederskoot gevorm het, het ek jou geken. Jeremia 1:5. Dit is nie ons kort geskiedenis op aarde wat ons aan God bekendstel nie.

3/ Volgens God se geloof word elke menslike lewe gelyk verteenwoordig en ingesluit in Jesus Christus. Een het vir almal gesterf; daarom het almal gesterf. 2 Korintiërs 5:14. Terwyl ons nog dood was in ons sondes, het God ons saam met Christus lewend gemaak en ons saam met Christus opgewek. Efesiërs 2:5. Ons is opnuut gebore deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. 1 Petrus 1:3. As almal by sy dood ingesluit was, was hulle ewe veel by sy opstanding ingesluit. 2 Korintiërs 5:15; Hosea 6:2.

Paulus beskryf die metanoia-oomblik in Titus 3:4 Maar toe, o wat ‘n gelukkige dag. Dit was die vrygewigheid van God en sy voorliefde vir die mensdom wat soos 'n ligstraal tot ons deurgedring het. Ons dae van duisternis was verby. Lig het oral geskyn en ons het bewus geword: God het die mensdom gered. Sien Titus 2:11.Titus 3:5 Verlossing is nie 'n beloning vir goeie gedrag nie. Dit het absoluut niks te doen met enigiets wat ons gedoen het nie. God se barmhartigheid het ons gered. Die Heilige Gees onderskryf in ons wat met ons gebeur het toe Jesus Christus gesterf en opgewek is. Toe ons die blye aankondiging van verlossing hoor, was dit soos om 'n diep warm bad te neem. Ons is deeglik gereinig en opgewek in 'n nuwe geboorte. Dit was 'n volledige opknapping wat ons herstel het tot 'n sprankelende nuutheid van lewe.

In 2 Korintiërs 5:16 sê Paulus: Van nou af ken ons dan niemand meer na die vlees nie.

Jakobus sê: Ons kan mooi dinge oor God die Vader sê, maar met dieselfde mond 'n persoon vervloek wat in sy spieëlgelykenis gemaak is. *[Ware aanbidding is om iemand se lewe aan te raak met dieselfde toewyding en sorg as wat jy Jesus self sou aanraak; selfs al lyk die ander persoon ’n hoogs onwaarskynlike kandidaat. Jakobus 3:9.]*

1:1 My naam is Jakobus, ek is 'n dienskneg van God en van die Here, die Messias Jesus. Dit is in hierdie hoedanigheid dat ek aan julle skryf, waar julle ook al is. Julle mag selfs deel wees van die twaalf stamme wat soos saad oor die hele wêreld versprei is. Ek groet julle met vreugdevolle bemoediging.

1:2 Versoekings en teenstrydighede kom in verskillende vorms, groottes en tussenposes voor; hul bedoeling is altyd om julle in hulle energieveld in te suig. Maar, my liefste medefamilie, groot vreugde *[in wie julle weet julle is]* **[1]lei julle elke keer triomfantlik daaruit.**

*([1] Die woord, [1]**hēgeomai**, kom van 'n versterkte vorm van **agō**, om dus te lei om amptelik in 'n posisie van gesag aan te stel; om met vooraanstaande gesag te lei. Vreugde is die amptelike stem van geloof. Ag dit alles vreugde; maak 'n berekening waartoe vreugde die enigste logiese gevolgtrekking kan wees.*

Die doel van elke teenstrydigheid is om jou na 'n plek weg te lok waar jy vergeet watter soort persoon jy werklik is. [Sien verse 23,24] Dit wil jou onvolmaak, onvolledig en gebrekkig laat voel!)

1:3 Hier is die geheim: vreugde is nie iets wat julle hoef voor te gee nie, dit is die vrug van wat geloof weet waar is oor julle. Julle weet dat julle kennismaking met [1]die geloof 'n oorreding tot gevolg het wat konstant bly, selfs in teenstrydighede. *(Let op die definitiewe artikel, [1]die geloof - sien 2 Korintiërs 13:5.)*

1:4 *[Net soos 'n moederhen geduldig oor haar eiers broei],* **voorsien standvastigheid julle van 'n konsekwente omgewing, en so heers geduld en bewys julle volmaaktheid; hoe heeltemal heel julle is en sonder enige tekortkoming. Julle is inderdaad volmaak en volkome en het [1]gebrek aan niks!**

*(Die woord [1]**mēdeis** — nie eens een ding nie: — enigiets, niks, + sonder versuim.)*

1:5 Die enigste ding wat jy moontlik kan kortkom, is wysheid. *['n Mens kan soms tot buite die punt van gesonde denke uitgedaag voel.]* **Rig egter jou versoek op so 'n manier dat jy direk van die [2]bron af trek.***[Nie deur ander opinies gefiltreer nie]* **God is die oorsprong en outeur van wysheid; hy [1]verweef jou gedagtes met goeie oordeel. Sy gawes is beskikbaar vir almal, sonder spyt.**

*([1] Die woord, [1]**haplos**, van **ha**, 'n deeltjie van vereniging; **hama**, saam met + **plekō**, wat beteken om saam te vleg, te vervleg, saam te weef. Sien Lukas 11:34 Die oog is die lamp van die liggaam; as die oog een is [verweef met lig], is die hele liggaam vol lig. Om ons oë met Pappa se oë te verweef, is wat ons hele wese verlig. Dit is presies wat die woord קוה Kawa in Hebreeus in Jesaja 40:31 beteken, hulle wat met die Here se gedagtes verweef is, styg op met vlerke soos arende. Ons is ontwerp om te verweef. Ook Matteus 6:22. Sien 2 Korintiërs 1:12. Wysheid wat van bo af kom, bly onaangeraak deur die teenstrydighede van die sintuie.*

*[2] Die woord, [2]**didomi**, om te gee; om die outeur of bron van iets te wees — Wesley J. Perschbacher.)*

1:6 Julle versoeke gee 'n stem aan die geloof. Geloof is die stabiliserende faktor; anders word jy gedryf deur emosies *[inkonsekwente oordele]* **wat buite beheer raak soos rowwe seegolwe wat deur stormwinde heen en weer geslinger word.**

1:7 'n Lukrake versoek maak dit onmoontlik om God se wysheid akkuraat te interpreteer *(Geloof is die genade wat 'n mens se vermoë openbaar om van God te ontvang. Die Griekse woord,* ***para****, met die Genitief, dui op bron of oorsprong, afkomstig van — [Wesley J. Perschbacher] en die woord,* ***lambanō****, om te ontvang, om te begryp.)*

1:8 Iemand met twee opinies *bly* **wankelrig in al sy oordele en lyk altyd rigtingloos.**

1:9 *[Ongunstige omstandighede kan jou maak of breek, afhangende van hoe jy onder druk reageer en toelaat dat hierdie toestande jou oordeel beïnvloed.]* **Laat die broer sy blydskap vind in sy verheffing in die Here.**

(God se wysheid laat jou dinge anders sien. Begin deur jouself saam met Christus in hemelse plekke te sien. Efesiërs 2:5 en 6; Kolossense 3:1-3.)

1:10 Dieselfde geld vir die rykes: wanneer dit lyk asof iets hul sterk finansiële posisie bedreig, moet hulle gevestig wees in 'n blydskap wat in die Here geanker en gedefinieer is. Blomme vervaag; so ook roem wanneer rykdom verlore lyk.

(Nie armoede of rykdom is 'n ware maatstaf wat jou lewe definieer nie; dit is wat geloof weet waar van jou is!)

1:11 'n Strawwe son gekombineer met skroeiende oostewinde kan 'n onryp oes heeltemal vernietig; iets wat die een dag so mooi en belowend lyk, kan die volgende dag weg wees; so kan 'n ryk persoon skielik te midde sy strewes beswyk.

(Ons word gedefinieer deur 'n verwysingsraamwerk wat meer stabiel is as veranderende toestande.)

1:12 Geseënd is hy wat nie sy vastrapplek verloor wanneer versoeking toeslaan nie; hulle word [1]gekroon as die oorwinnaars; hulle lewens bewys die [2]geldigheid en karakter van hulle [3]ontwerpplan. Die [4]uitspraak: Geen teenstrydighede kan die aandag aflei van die liefde van die Here nie.

*([1] Liefde inspireer geloof. [Galasiërs 5:6] Die woord, [1]****stephanos****, beteken 'n merk van koninklike rang, of 'n krans of kroon, wat as prys aan oorwinnaars in openbare spele gegee is. Maar die lewe soos God dit sien, is 'n gawe, nie 'n beloning nie. [Jakobus 1:17-25] So is selfs ons beloning 'n gawe omdat ons volharding en standvastigheid nie iets is waaraan ons met ons eie ywer en wilskrag deelneem nie, maar die energie wat in ons ontvlam deur die openbaring van die Woord van waarheid [vers 18].*

*[2] Die woord, [2]****dokimos****, beteken aanvaar, veral van munte en geld; dus geldeenheid.*

[3] Die Griekse woord vir [3]geboorte, ***ginomai****.*

*[4] Die uitspraak, [4]****epaggellō****, amptelike aankondiging.)*

1:13 Wanneer jy versoek voel, moet jy nooit sê: Hierdie toets is van God af nie! God is nie in die besigheid van terging nie; kwaad het geen aantrekkingskrag vir God om die outeur daarvan te wees nie; God eksperimenteer ook nie met jou ontwerp nie, want in God se oortuiging is die struktuur van jou outentieke wese nooit in gedrang nie!

(God kan nie beide die bron van lig en duisternis wees nie. Daar is geen spoor van duisternis of 'n verborge agenda in God nie. [Jakobus 1:17]

*Die woord ἀπείραστος **apeirastos** word slegs hier in die Nuwe Testament gebruik. Hort noem **apeiratos kakōn** as 'n spreekwoord [Diodorus, Plutarchus, Josefus] vry van euwels. Letterlik, God is nie in staat om te versoek of versoek te word nie. Sommige van die beste uitleggers gee dit weer as:* **God is nie vertroud met kwaad nie.**)

1:14 In plaas daarvan, word elke geleentheid tot versoeking deur 'n persoon se eie private begeertes en gedagtes geaktiveer, wat hulle vanaf hul veilige plek weglok *[van diep betrokke wees by wie hulle is; verse 3, 4 en 17,18],* **om hulle** *[in vergeetagtigheid — verse 23,24]* **te verstrik.**

*([1] Die woord, [1]**exelkō**, beteken om te lok soos in jag; weggelok vanaf hul veilige plek, na 'n plek omring met strikke — [ἐξελκόμενος **exelkomenos**]. Slegs hier in die Nuwe Testament.*

*[2] Dan die woord [2]**deleatzō**, van die woord, **dolos**, om deur aas te mislei, soos in visvang. Let op die Teenwoordige Deelwoord, wat die vordering van die versoeking aandui: word weggelok. Vincent)*

1:15 In die koestering van so 'n slegte en allesverterende hartstog, [1]bring dit [2]sonde voort, wat onvermydelik sy eie gelykenis afdwing, gevorm volgens [3]dieselfde duisternis wat dit verwek het. Dit is 'n doodloopstraat om mee te begin!

*([1] Die woord ἀποκύει, **opokuei**, om voort te bring, word slegs deur Jakobus gebruik, hier en in Jakobus 1:18. [Herinner aan die vader van leuens teenoor die Vader van waarheid.]*

*[2] Die woord wat met sonde vertaal word [**hamartia**] is 'n verwronge identiteit. Uit die woorde, **ha**, sonder en **meros**, vorm. Om in die lig te wandel soos hy in die lig is, beteken om jou lewe en alles wat jou aangaan, uitsluitlik vanuit jou Vader se oogpunt te sien. Psalm 36:9. 1 Petrus 1:18,19*

*[3] Die woord, θάνατος **thanatos** vertaal dood, is die ekwivalent aan die gebied van diepste duisternis, 'n streek omhul in die duisternis van onkunde. Sien 1 Thessalonicense 5:3-6.)*

1:16 My liewe vriende, moenie [1]afdwaal in bedrieglikhede nie.

*([1]Die woord πλανάω [1]**planaō**, om in bedrieglikheid te mislei; wegdwaal. Deur aan versoeking erkenning te gee en te dink dat dit moontlik God se manier kan wees om met jou te praat.*

So, wat van die Onse Vader? Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Dit klink asof God versoeking vir jou op vandag se agenda gehad het, maar as jy hierdie gebed bid, sal hy dalk van plan verander.

*Om te lei' in hierdie sin is die Griekse woord **eispherō**, om na binne te dra, om na binne te reik; en versoeking is die woord **peiratzō**, om te toets deur te deurboor, om*

*noukeurig te ondersoek, van **peira**, om deur te steek; 'n toets om die verborge waarde van iets te bepaal; ook van die woord **peras**, wat praat van die uiterste of die verste grens. Maar soos Jakobus duidelik in vers 13 uitwys, is God nie besig met terging nie. Hy is nie die bron van goed en kwaad nie. Die verlossing van die bose, **ponēros**, is die bedoeling van hierdie sin; dat 'n verborge belyning met die wet van werke nie in my gevind sal word nie; om die bose as 't ware vasrapplek te gee nie. Die woord **ponēros**, vertaal, boos of kwaad, beteken vol ontberinge, ergernisse en arbeid.*

*Klink vir my soos die verkeerde boom. [Sien **Gedagtes oor, Waarom die ander boom en waarom die versoeking in die tuin? 1 Johannes 3:12**]*

*Bid liewer, **Vader, U ken my van binne en buite. Bevry my deeglik van enige verborge alliansie met die ou stelsel van prestasiegebaseerde lewe. Verwyder enige spoor van die vrugte van die 'Ek is nie' Boomstelsel**.Sien ook* **2 Korintiërs 13:5 Ek smeek julle om [1]te ondersoek [2]wat God van julle glo, om te toets wat dit is wat jy werklik van jouself glo. Geloof is soveel meer as die blote fineer van 'n bygelowige geloof in 'n historiese Christus; geloof gaan daaroor om Jesus Christus in jou te besef, te midde van teenstrydigheid. [3]Net soos erts in 'n smeltkroes geplaas word, waar die onsuiwerhede in 'n oond van die goud geskei word, kom self tot die gevolgtrekking van sy inwoning. [4]As dit vir jou lyk asof hy in jou lewe afwesig is, kyk weer, jy het die toets duidelik verkeerd gedoen.**

*[1[Jy kan nie temperatuur met 'n liniaal meet nie. Paulus gebruik die woord, [1]**peiratzō**, om noukeurig te ondersoek, van **peira**, te deurboor; 'n toets om die verborge waarde van iets te bepaal; ook van die woord **peras**, wat praat van die uiterste of die verste grens. Geloof is nie ' n fineer om potensiële depressie of teleurstelling toe te smeer wanneer jy moeilike tye beleef nie.*

*[2] **Let daarop dat Paulus nie praat dat jy jou oortuigings op die proef stel nie; maar dat jy die geloof self toets.** Daar is net een geldige geloof, nie wat ons oor God of oor onsself glo nie, maar wat God oor ons glo. Paulus wil hê jy moet self ontdek wat God van jou glo. God is oortuig dat Christus in jou woon, nou wil hy hê jy moet ewe oortuig wees.*

*[3] Dan gebruik hy die woord, [3]**dokimatz**[ō], soos in die toetsing van metale. Selfondersoek het niks te doen met die vind van verborge sondes en gebreke in jou nie; dit gaan alles daaroor om Christus in jou te besef. Die doel van die oond is nie om die onsuiwerhede te openbaar nie, maar die goud. Christus self is die bewys van geloof, hy is die wese van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat nie gesien word nie. Hebreërs 11:1.*

*[4] Die toets van waarheid is onfeilbaar. **Sien vers 8**. Die waarheid word nie bedreig deur ons ondersoek nie. Sien ook 2 Korintiërs 4:18 Ons hou geen telling met wat vir die sintuie op die oog af so voor die hand liggend lyk nie, dit is vlugtig en irrelevant; dit is die onsigbare ewige ryk binne-in ons wat ons volle aandag het en ons blik boei. 2 Korintiërs 4:7 Ons het hierdie skat ontdek waar dit die hele tyd weggesteek was, in hierdie brose velpakke van klei. 1 Korinthiërs 1:6 Julle het beslis die getuienis van Christus in julle bewys.*

['Julle besit volle kennis en gee volle uitdrukking, want in julle het die getuienis vir die waarheid van Christus bevestiging gevind.' — NEB.])

Die gesig van jou geboorte

1:17 Sonder uitsondering is God se [1]gawes net goed; die volmaaktheid daarvan kan nie gebrekkig wees nie. Hulle kom van bo af *[waar ons vandaan kom]***; soos ligstrale vanaf die bron, die Vader van ligte, by wie daar geen distorsie is nie, of selfs 'n rondskuiwende skaduwee om die lig te belemmer of te onderskep nie; ook geen sweempie van 'n verborge agenda nie.**
([1] Die beginsel van 'n [1]geskenk, plaas beloningstaal buite werking.

[2] Die woord, [2]anouthen, beteken van bo. Johannes 3:3, 13.)

1:18 Ons is voortgebring deur die Woord van waarheid. Ons ware oorsprong word bewaar in God se voorneme. Volgens die Vader se [1]genot het hy ons [2]gebaar en sodoende [3]outentieke, vleesgeworde uitdrukking aan die Woord gegee het.*[Die aangesig tot aangesig van die Logos wat voor die tyd was. Johannes 1:1]* **Net soos die eerstelinge die oes spieël, so spieël ons die [4]gevolgtrekking van sy [5]vakmanskap in die kern van ons [6]wese.**

*([1] Die woord, [1]**boulomai**, beteken die liefdevolle begeerte en doelbewuste vasberadenheid van God.*

*[2] Slegs Jakobus gebruik die woord [2]**apokueō** van **apo** + **kuma**; van **apo**, weg van en **kuō**, om in swangerskap te swel; buig of krom. Dieselfde woord in vers 15, waar sonde se passie die doodsouer was, teenoor God se passievolle ouerskap wat outentieke lewe in ons is. Dus die effek van 'n ingesteldheid wat versoeking eerder as waarheid omhels. [Die Vader se vasberadenheid staan in totale kontras met die verdraaide passies van sonde, en maak aanspraak op sy buite-egtelike ouerskap van die mensdom. Jakobus 1:2; Jakobus 1:12-16.]*

*[3] Waarheid, [3]**alethea**, van a, negatief + **lanthanō**, wat verborge beteken; dit wat onthul is; die Woord [**logos**] van waarheid is die [3]onthulde logika van God.*

*[4] Die Voorsetsel [4]**eis**, dui op gevolgtrekking.*

*[5] Die woord, κτίσμα [5]**ktisma** wat skepping beteken met verwysing na die eienaarskap van die vervaardiger - God besit die idee van ons uitvinding - hy hou die kopiereg.*

*[6] Die woorde, εἰς τὸ εἶναι ἡμᾶς ἀπαρχήν - [6]**einai hemas** - ons wese van **eimi**, ek is.*

*Sien **Romeine 8:29**, Hy het ons van die begin af vooraf ontwerp en gebou om gesamentlik in dieselfde vorm en beeld van sy Seun gevorm te word volgens die presiese bloudruk van sy denke. Ons sien die oorspronklike en beoogde patroon van ons lewens bewaar in sy Seun. Hy is die eersgeborene uit dieselfde baarmoeder wat ons ontstaan openbaar. Hy bevestig dat ons die uitvinding van God is. Ook Johannes 1:1-18; 1 Petrus. 2:9,10.)*

1:19 Daarom, my geliefde vriende, skenk julle onmiddellike aandag aan die Woord wat julle ware oorsprong openbaar, en dink nie na oor die teenstrydighede nie. Bly eerder stil, as om vinnig jou stem en stembriefie te gee aan die [1]emosies wat in die hitte van die oomblik ontstaan.

*(Vinnig om te hoor, stadig om te praat, stadig tot [1]woede. Die woord ὀργή [1]**orgē** van **oregomie**, beteken die opwinding van die gees; om jouself uit te strek om iets te gryp, om na te reik of te begeer.)*

1:20 Hierdie uitbarstings van emosie sou tipies die prentjie verdraai, en maak geen bydra om God se [1]geregtigheid te komplimenteer nie

([1] [1]Wat God bereik het deur ons identiteit en onskuld te verlos.)

1:21 Daarom, deur die [1]geimpregneerde woord te omhels, ontdek julle hoe deeglik bevry julle reeds is van enige soort verdraaide hartstog

wat buite beheer raak en julle lewens besoedel soos 'n vuil kleed; julle [2]sagtemoedige verlate van hierdie logika, [2]besef kragtig die volle [3]omvang van julle verlossing vanuit die ingewings van die sielbeheerde realm.

*([1] Weereens, ’n woord wat net Jakobus gebruik, ἔμφυτος [1]**emphutos** geïmpregneer.*

*[2] Die woorde, [2]**en prauteti** - in sagmoedigheid word gebruik in teenstelling met **orgē**. Red jou van negatiewe denkpatrone en depressiewe emosionele eienskappe.*

*[3] Die werkwoord σωσαι [3]**sōsai** is die Aoristiese Infinitiewe tyd, wat die aksie wat deur die werkwoord uitgedruk word as ’n voltooide eenheid met ’n begin en einde voorstel.)*

1:22 Gee die spieëlwoord jou [1]onverdeelde aandag; moenie jouself onderskat nie. [3]Maak die berekening. Daar kan net een logiese gevolgtrekking wees: jou outentieke oorsprong word in die woord weerspieël. Jy is God se gedig; [2]Laat sy stem poësie van jou lewe maak.

*([1] Die woord, [1]**akroatēs**, beteken noukeurig luister. Jakobus bevorder nie die uitvoering van die wet van werke nie; hy definieer die wet van volmaakte vryheid. Om die woord te doen, begin met jou onverdeelde aandag aan die gesig van jou geboorte*

*[2] [2]’n Doener van die Woord, ποιητής **poiētēs**, beteken digter.*

*[3] Maak die berekening, [3]**paralogizomai**, uit **para**, ’n Voorsetsel wat nabyheid, eenheid en **logizomai** aandui, om die logika in enige berekening te bereken.)*

1:23 Elkeen wat die woord hoor, sien die aangesig van sy geboorte soos in 'n spieël. Die verskil tussen 'n blote toeskouer en 'n deelnemer is dat albei van hulle dieselfde stem hoor en in die boodskap daarvan die gesig van hul eie ontstaan waarneem, wat daar gespieël word;

1:24 En hulle besef dat hulle na hulleself kyk, maar vir die een lyk dit net te goed om waar te wees; hierdie persoon wyk *af na die ou manier om hulleself te sien,* **en vergeet dadelik watter soort mens hulle is, en dink nooit weer aan die een wat hulle daar in die spieël gesien het nie.**

1:25 Die ander is [1]betower deur wat hulle sien; [2]geboei deur die effek van 'n wet wat hulle bevry van verpligtinge tot die ou geskrewe kode wat hulle beperk het tot hul eie pogings en wilskrag. Geen afleidings of teenstrydighede kan die impak verdof van wat in die spieël gesien word rakende die wet van volmaakte [3]vryheid *[die wet van geloof]* **wat 'n mens nou bevry om voort te gaan met die daad om die lewe** *[van hul oorspronklike ontwerp]* **te leef nie. Hulle vind 'n nuwe [3]spontane leefstyl; die poësie van praktiese lewe.**

(Die wet van volmaakte vryheid is die beeld en gelykenis van God wat in Christus geopenbaar is, nou verlos in menslike vorm, soos in ’n spieël. Kyk diep genoeg in die aangesig van jou geboorte, gespieël in Christus, sodat jy daar in sy volmaaktheid ’n portret kan sien wat so ooreenstem met die oorspronklike, dat hy duidelik sigbaar word in die gees van jou gedagtes en in die aangesig van elke persoon wat jy aanskou.

